

## GHG verklaring

### Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se besluit oor selfdegeslagverhoudings.

Na jare van waarsku en aanmaan, moet die GHG nou die besluit van die 71e AKV betreur. Die gesprek oor homoseksualiteit en die uitleef van sodanige oriëntering kom 'n lang pad. Ampsdraers en lidmate het vir jare in die NHKA getuig teen die normalisering van selfdegeslagverhoudings. Baie Hervormers het intussen hulle geestelike tuiste in onafhanklike Hervormde gemeentes gevind. Die GHG as spreekbuis van hierdie gemeentes is verstom oor die tempo waarteen die NHKA se liberale aanslag gevoer word.

Die NHKA het lank reeds 'n drukgroep gehad wat meer klem gelê het op Marxisties gedrewe sosiale geregtigheid, as wat klem gelê is op die waarheid van die Skrif. Hierdie drukgroep het nou via die opleiding van nuwe predikante die meerderheid in die NHKA geword. Die denke van hierdie ridders van sosiale geregtigheid is nie in voeling met die Bybel of met lidmate se denke nie.

In lyn met die gees van die tyd het die NHKA se leiding nou relativisme omhels. Die ironie dat die aanspraak van absolute relativisme tog 'n objektiewe uitspraak is, ontgaan hierdie ideologies gedrewe groep. Dit is verder ironies dat die NHKA in navolging van sogenaamde geregtigheid beweeg het van 'n kerk wat selfdegeslagverhoudings afwys, na 'n kerk wat enige persoon wat dit afwys, sien as persoon wat tereg gewys moet word. Van verwerping van sonde na verwerping van verwerpers van sonde, een reuse sprong.

In die woorde van saak 4 van die Staat van Belydenis: *Die sewende gebod, asook die hele Bybel (vergelyk Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus) verstaan die verhouding tussen een man en een vrou as die ideale verhouding binne die wil van God. Die Bybel veroordeel homoseksuele verhoudings. Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is omdat die AKV 'n teologie aanhang wat nie erns maak met die Bybel as die Woord van God nie. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer tot 'n verstaan van die Tien Gebooe wat in lyn is met die Bybel en die Belydenisskrifte. Die Evangelie is op die spel.*

Teenoor die NHKA bevestig die GHG dat die Bybel die waarheid van God se openbaring verwoord. God nooi alle sondaars uit tot sy genade. Om die uitnodiging te aanvaar beteken om teen jou sonde te stry. Dit sluit in enige seksualiteit buite die huwelik tussen een man en een vrou.

Lidmate word geroep om teen hierdie besluit in opstand te kom. Ons moet God meer gehoorsaam wees as die gees van die tyd. Selfs as dit beteken om teen jou eie kerk te getuig. Die GHG dra die NHKA en lidmate op aan die Here met die bede dat daar bekering sal kom.